Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Deborah Williams**
Direktoraat: Kurrikulum- en Assesseringsbestuur
Deborah.Williams@westerncape.gov.za | 021 467 2626

Lêerno.: 19/3/2
Verwysing: 20240118-888

Assesseringsbestuursminuut: 0001/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofonderwyskundiges, Adjunkdirekteure, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Hoofde van onderwysinrigtings wat leerders vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

**Onderwerp: Verlenging van die geldigheidstydperk van 2021 se eksamenriglyne vir die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) eksamen**

1. Hierdie minuut moet saamgelees word met die volgende minute en omsendbriewe van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD):

| Minuut/Omsendbrief | Beskrywing | Datum gepubliseer |
|---|---|---|
| Omsendbrief 0017 van 2021 | Inwerkingstelling van die verkorte weergawe van die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) se Afdeling 4-wysigings in graad 12 | 13 April 2021 |
| Kurrikulum- en Assesseringsminuut 0002 van 2021 | Eksamenriglyne vir graad 12 in 2021 | 11 Mei 2021 |
| Assesseringsbestuursminuut 0013 van 2021 | Erratum betreffende die graad 12's se eksamenriglyne vir 2021: Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) eksamen | 24 Augustus 2021 |

2. Die eksamenriglyne vir die NSS wat deur Umalusi goedgekeur is, is vrygestel vir implementering in 2021, 2022 en 2023. Dit is in ooreenstemming met die wysigings aan Afdeling 4 van die KABV.

3. Die eksamenriglyne is geskeduleer om na afloop van 'n driejaarsiklus hersien te word, om sodoende op die hoogte te bly van wysigings aan beleide wat die kurrikulum en assessering/eksamens beïnvloed. Aangesien die einde van die driejaarsiklus bereik is, is die eksamenriglyne vir hersiening geskeduleer, en is vervolgens vrygestel vir implementering in die 2024-akademiese jaar. Aangesien die proses om die kurrikulum te versterk tans aan die gang is, word dit egter as gepas beskou om te wag totdat hierdie proses afgehandel is voordat enige wysigings aan die eksamenriglyne aangebring word.

4. Die WKOD het Omsendbrief E17 van 2023, gedateer 08 Desember 2023, van die Departement van Basiese Onderwys ontvang om skole in kennis te stel van die verlenging van die geldigheidstydperk van 2021 se eksamenriglyne vir die NSS. Derhalwe bly die eksamenriglyne wat in 2021 bekendgestel is van krag, en moet dit in 2024 in alle skole wat NSS-vakke vir graad 12 aanbied, geïmplementeer word. Daar is geen veranderinge aan die KABV vir 2024 nie.

5. Toegang tot 2021 se eksamenriglyne kan verkry word via die volgende skakel: https://www.education.gov.za/2021Grade12ExamGuidelines.aspx.

6. Daar moet op gelet word dat vakke met spesifieke onderwerp- en inhoudsareas wat oor 'n driejaarsiklus onderrig en geassesseer word, sal voortgaan met die onderwerpe en inhoud wat in 2021 vasgestel is, en hierdie onderwerp- en inhoudsareas sal ook vir 2024 se akademiese jaar onderrig en geassesseer word.

7. Bring asseblief hierdie inligting onder die aandag van alle graad 12-vakonderwysers en -leerders.

**GETEKEN:** H MAHOMED
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2024-01-22